**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL HG**
**(Derde Vraestel: Kreatiewe Skryfwerk en Literatuurstudie)**

# MOONTLIKE ANTWOORDE OKT / NOV 2006

## KREATIEWE SKRYFWERK (40)

## TAAL EN STYL

| INHOUD | | PUIK | BAIE GOED | GOED | GEMIDDELD | ONDER-GEMIDDELD | SWAK | BEROERD |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | RYK | 40 | 36 | 32 | 28 | 24 | 20 | 16 |
| | BAIE GOED | 39 | 35 | 31 | 27 | 23 | 19 | 15 |
| | GOED | 37 | 33 | 29 | 25 | 21 | 17 | 13 |
| | ALLEDAAGS | 35 | 31 | 27 | 23 | 19 | 15 | 11 |
| | ONDERGEM | 33 | 29 | 25 | 21 | 17 | 13 | 9 |
| | ARM | 32 | 28 | 24 | 20 | 16 | 12 | 8 |
| | MISGETAS | 31 | 27 | 23 | 19 | 15 | 11 | 7 |

## NASIENTABEL: KREATIEWE SKRYFWERK(40)

| INHOUD | TAAL EN STYL |
|---|---|
| **RYK**<br>1. Buitengewone, oorspronklike interpretasie van die onderwerp.<br>2. Besondere konsentrasie op die onderwerp.<br>3. Briljante sintuiglike waarneming en meelewing.<br>4. Duidelik-omlynde sentrale tema.<br>5. Duidelike progressie.<br>6. Werk vorm? afgeronde geheel.<br>7. Sterk oortuiging. | **PUIK**<br>1. Ryk, oorspronklike beelde - funksioneel.<br>2. Afrikaanse idioom uitnemend aangebied - oorspronklik.<br>3. Taal deurleef en goed genuanseerd.<br>4. Buitengewone taalaanvoeling; oorspronklike sinsbou.<br>5. Gebruik leestekens as uitdrukkingsmiddel.<br>6. Alle taalmiddele dra by tot gebalanseerde geheel; maak skryfstuk briljant. |
| **BAIE GOED**<br>1. Interessante, oorspronklike onderwerpvertolking.<br>2. Konsentrasie, maar geringe afdwaling.<br>3. Paragrawe nie meer heg verbind nie.<br>4. Besondere sintuiglike waarneming.<br>5. Sentrale tema: omlyning minder duidelik.<br>6. Mindere progressie.<br>7. Afgeronde eenheid. | **BAIE GOED**<br>1. Taal beeldryk (funksioneel) of nugter (konkreet).<br>2. Idioom, taal: funksioneel.<br>3. Taal grootliks oorspronklik; woordeskat getuig van breë taalkennis.<br>4. Korrekte paragrafering, sinsbou, punktuasie, natuurlikheid ontbreek.<br>5. Styl vloeiend: oorspronklikheid ontbreek bietjie.<br>6. Taal klinies korrek maar kort deurleefdheid. |
| **GOED**<br>1. Vanselfsprekende onderwerpsiening.<br>2. Onderwerpgerig: konsentrasie ontbreek.<br>3. Sentrale tema: sporadies.<br>4. Progressie fragmentaries.<br>5. Sintuiglike waarneming: meer algemeenhede.<br>6. Bevredigende afgeronde eenheid.<br>7. Bevredigende oortuigingskrag. | **GOED**<br>1. Beperkte beeldende of nugter taalgebruik: skemer net soms deur.<br>2. Idiomatiese taal onbevredigend.<br>3. Oorspronklike taalgebruik beperk, maar taal steeds bogemiddeld.<br>4. Paragrafering, sinsbou, punktuasie toon foute; spelfoute kom voor.<br>5. Weinig sprake van eie styl: skryf korrek soos geleer.<br>6. Goeie skryfstuk, maar sonder aanvoeling en deurlewing. |
| **ALLEDAAGS**<br>1. Geen spesifieke siening van die onderwerp nie.<br>2. Konsentrasie verbrokkel: afdwaling.<br>3. Geen opvallende sentrale tema nie.<br>4. Progressie: min.<br>5. Doodgewone waarneming: geen treffende siening nie.<br>6. Paragraafskakeling ontbreek: eenheid gaan effe verlore.<br>7. Argumente bietjie onoortuigend. | **GEMIDDELD**<br>1. Nie werklike beelde of nugter taalgebruik nie, wat gebruik word, is oorbekend.<br>2. Meer vaaghede in formulering - soms onbeholpe.<br>3. Onoorspronklike taalgebruik.<br>4. Anglisismes, foutiewe woordkeuse.<br>5. Paragrafering willekeurig; hegte bou ontbreek; herhaling van gedagtes.<br>6. Foute t.o.v. punktuasie, sinsbou, woordorde, onvoltooide sinne.<br>7. Alledaagse skryfstyl; skryftegnieke ontbreek of oordryf. |
| **ONDERGEMIDDELD**<br>1. Siening, inhoud slegs plek-plek ter sprake.<br>2. Konsentrasie: aanbieding grootliks onsamehangend.<br>3. Sentrale tema ontbreek.<br>4. Geen progressie nie; patroon staties.<br>5. Beskrywing en waarneming vaag en kleurloos.<br>6. Skakeling: paragraafbou verbrokkel.<br>7. Lengte verontagsaam. | **ONDERGEMIDDELD**<br>1. Uitdrukkingsvermoë lomp en vaag; geen beeldspraak en styl-figure nie, slegs afgesaagdes.<br>2. Verbeeldinglose taal; beperkte woordeskat.<br>3. Paragrafering foutief; sinsfoute algemeen en punktuasie terloops, beperkte gebruik van leestekens.<br>4. Styl omslagtig en onbeholpe.<br>5. Baie spelfoute.<br>6. Toenemend anglisistiese inslag. |
| **ARM**<br>1. Onderwerp nie ter sake nie - geen insig nie.<br>2. Oppervlakkig - ? doellose geklets.<br>3. Geen tema nie: patroon ontbreek.<br>4. Onoorspronklik.<br>5. Gedagtes los en sonder verband.<br>6. Growwe verontagsaming van lengte. | **SWAK**<br>1. Kan nie gedagtes oordra nie.<br>2. Taal lomp, onbeholpe, beperk.<br>3. Baie spelfoute, min eenheid.<br>4. Skryftegnieke verkeerd.<br>5. Algemene foute.<br>6. Druipeling. |
| **MISGETAS**<br>1. Inhoud niks te make met onderwerp nie.<br>2. Deurmekaar sameflansing van niksseggende gedagtes.<br>3. Growwe verontagsaming van lengte.<br>4. Besliste druipeling. | **BEROERD**<br>1. Idioom lomp en onbeholpe.<br>2. Geen skryftegniek nie.<br>3. Geweldig baie foute.<br>4. Geen struktuur nie.<br>5. Volslae druipeling. |

## FUNKSIONELE SKRYFWERK

## SKAAL VIR KORTER OPDRAG (20)

TAAL & STYL

| INHOUD | PUIK | BAIE GOED | GOED | GEMIDDELD | ONDER-GEMIDDELD | SWAK | BEROERD |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| RYK | 20 | 19 | 18 | 16 | 14 | 12 | 11 |
| BAIE GOED | 19 | 18 | 16 | 14 | 12 | 11 | 9 |
| GOED | 18 | 16 | 14 | 12 | 11 | 9 | 8 |
| ALLEDAAGS | 16 | 14 | 12 | 11 | 9 | 8 | 6 |
| ONDERGEM | 14 | 12 | 11 | 9 | 8 | 6 | 5 |
| ARM | 12 | 11 | 9 | 8 | 6 | 5 | 3 |
| MISGETAS | 11 | 9 | 8 | 6 | 5 | 3 | 2 |

## NASIENTABEL: STELWERK - 20 (KORTER SKRYFSTUKKE)

| INHOUD | TAAL EN STYL |
|---|---|
| **RYK** | **PUIK** |
| 1. Buitengewone, oorspronklike interpretasie van die onderwerp.<br>2. Besondere konsentrasie op die onderwerp.<br>3. Briljante sintuiglike waarneming en meelewing.<br>4. Duidelik -omlynde sentrale tema.<br>5. Duidelike progressie.<br>6. Werk vorm ? afgeronde geheel.<br>7. Sterk oortuiging.<br>8. Baie feite. | 1. Ryk, funksionele taal.<br>2. Taal deurleef en goed genuanseerd.<br>3. Buitengewone taalaanvoeling; oorspronklike sinsbou.<br>4. Gebruik leestekens as uitdrukkingsmiddel.<br>5. Alle taalmiddele dra by tot gebalanseerde geheel; maak opstel briljant. |
| **BAIE GOED** | **BAIE GOED** |
| 1. Interessante, oorspronklike onderwerpvertolking.<br>2. Konsentrasie, maar geringe afdwaling.<br>3. Paragrawe nie meer heg verbind nie.<br>4. Besondere sintuiglike waarneming.<br>5. Sentrale tema: omlyning minder duidelik<br>6. Mindere progressie.<br>7. Afgeronde eenheid.<br>8 Oortuigingskrag steeds sterk. | 1. Taal funksioneel of nugter (konkreet).<br>2. Taal grootliks oorspronklik; woordeskat getuig van breë taalkennis.<br>3. Korrekte paragrafering, sinsbou, punktuasie, natuurlikheid ontbreek.<br>4. Styl vloeiend: oorspronklikheid ontbreek bietjie.<br>5. Taal klinies korrek, maar kort deurleefdheid. |
| **GOED** | **GOED** |
| 1. Vanselfsprekende onderwerpsiening.<br>2. Onderwerpgerig: konsentrasie ontbreek.<br>3. Sentrale tema: sporadies.<br>4. Progressie fragmentaries.<br>5. Sintuiglike waarneming: meer algemeenhede.<br>6. Bevredigende afgeronde eenheid.<br>7. Bevredigende oortuigingskrag. | 1. Oorspronklike taalgebruik beperk, maar taal steeds bogemiddeld.<br>2. Paragrafering, sinsbou, punktuasie toon foute; spelfoute kom voor.<br>3. Weinig sprake van eie styl: skryf korrek soos geleer.<br>4. Goeie skryfstuk, maar sonder aanvoeling en deurlewing. |
| **ALLEDAAGS** | **GEMIDDELD** |
| 1. Geen spesifieke siening van die onderwerp nie.<br>2. Konsentrasie verbrokkel: afdwaling.<br>3. Geen opvallende sentrale tema nie.<br>4. Progressie: min.<br>5. Doodgewone waarneming: geen treffende siening nie.<br>6. Paragraafskakeling ontbreek: eenheid gaan effe verlore.<br>7. Argumente bietjie onoortuigend.<br>8. Vaaghede is kenmerkend. | 1. Meer vaaghede in formulering - soms onbeholpe.<br>2. Onoorspronklike taalgebruik.<br>3. Anglisismes, foutiewe woordkeuse.<br>4. Paragrafering willekeurig; hegte bou ontbreek; herhaling van gedagtes.<br>5. Foute t.o.v. punktuasie, sinsbou, woordorde, onvoltooide sinne.<br>6. Alledaagse skryfstyl; skryftegnieke ontbreek of oordryf. |
| **ONDERGEMIDDELD** | **ONDERGEMIDDELD** |
| 1. Siening, inhoud slegs plek-plek ter sprake.<br>2. Konsentrasie: aanbieding grootliks onsamehangend.<br>3. Sentrale tema ontbreek.<br>4. Geen progressie nie; patroon staties.<br>5. Beskrywing en waarneming vaag en kleurloos.<br>6. Skakeling: paragraafbou verbrokkel.<br>7. Lengte verontagsaam.<br>8. Inhoud is vaag en onvolledig. | 1. Uitdrukkingsvermoë lomp en vaag.<br>2. Verbeeldinglose taal; beperkte woordeskat.<br>3. Paragrafering foutief; sinsfoute algemeen en punktuasie terloops, beperkte gebruik van leestekens.<br>4. Styl omslagtig en onbeholpe.<br>5. Baie spelfoute.<br>6. Toenemend anglisistiese inslag. |

| ARM | SWAK |
|---|---|
| 1. Onderwerp nie ter sake nie - geen insig nie.<br>2. Oppervlakkig - ? doellose geklets.<br>3. Geen tema nie: patroon ontbreek.<br>4. Onoorspronklik.<br>5. Gedagtes los en sonder verband.<br>6. Growwe verontagsaming van lengte. | 1. Kan nie gedagtes oordra nie.<br>2. Taal lomp, onbeholpe, beperk.<br>3. Baie spelfoute, min eenheid.<br>4. Telegramstyl.<br>4. Skryftegnieke verkeerd.<br>5. Algemene foute.<br>6. Druipeling. |
| **MISGETAS** | **BEROERD** |
| 1. Inhoud niks te make met onderwerp nie.<br>2. Deurmekaar sameflansing van niksseggende gedagtes.<br>3. Growwe verontagsaming van lengte.<br>4. Besliste druipeling. | 1. Idioom lomp en onbeholpe.<br>2. Geen skryftegniek nie.<br>3. Geweldig baie foute.<br>4. Geen struktuur nie.<br>5. Volslae druipeling. |

## HOËR GRAAD (10)

## NASIENTABEL VIR KORTER, FUNKSIONELE SKRYFSTUKKE
## TAAKAANDUIDERS

| **INHOUD: 40%** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **ASSESSERINGSKRITERIA** | **VLAK 1 [4]** | **VLAK 2 [3]** | **VLAK 3 [2]** | **VLAK 4 [1]** |
| | Besondere onderwerpsiening. Gepaste, relevante inhoud. ? Afgeronde geheel met sterk oortuigingskrag. Werklik voortreflik. | Vanselfsprekender onderwerpsiening. Gepaste inhoud. ? Goeie geheel met oortuigingskrag. | Onoortuigende onderwerpsiening. Verbrokkelende inhoud. ? Bevredigende geheel. | Onderwerp nie ter sake nie [misgetas].<br>Onoorspronklik en sonder verband.<br>Onsamehangend.<br>Neem geen standpunt in nie.<br>Samevoeging van niksseggende gedagtes. ? Onbevredigende geheel. |
| | **TAAL EN STYL: 60%** | | | |
| | **VLAK 1 [3]** | **VLAK 2 [2]** | **VLAK 3 [1]** | **VLAK 4 [½]** |
| | ***TAAL VERONDERSTEL HIER UITDRUKKINGSVERMOË, TAALGEBRUIK, TAALKENNIS, WOORDESKAT, TOONAARD, SPELLING EN PUNKTUASIE.** | | | |
| | Besonder toepaslik<br>Genuanseerd<br>Gevarieerd<br>Ryk<br>[Byna] foutloos | Toepaslik<br>Korrek<br>Bo-gemiddeld<br>Enkele foute kom voor | Alledaags<br>Oorbekend<br>Hinderlike/herhalende foute | Lomp<br>Beperk<br>Onbeholpe<br>Baie foute |
| | ***STYL VERONDERSTEL HIER DIE KORREKTE VORM VIR DIE GEKOSE SKRYFSTUK, DIE REGTE REGISTER, SINSKONSTRUKSIE EN PARAGRAFERING EN DIE NAKOMING VAN GESTELDE LENGTEVEREISTES.** | | | |
| | Konvensies word nagekom<br>Vloeiend<br>Gemaklik<br>Oorspronklik<br>Gestruktureerd<br>Deurleefd<br>[Byna] foutloos<br>Uitstekend | Steeds sensitief vir konvensies, maar minder suksesvol<br>Vloeiend<br>Klinies korrek, sonder deurleefdheid<br>Goed<br>Enkele foute kom voor | Onsensitief vir konvensies<br>Gewoon<br>Willekeurig<br>Verontagsaming van lengtevereistes<br>Bevredigend | Konvensies ontbreek<br>Omslagtig<br>Onvanpas<br>Onbevredigend<br>Growwe verontagsaming van lengtevereistes |

## VRAAG 4

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Dit is ? dubbele suikerklont. | (1) |
| 4.2 | Na die grootste miershoop in die wêreld in die middel van die bos. | (2) |
| 4.3 | Die suikerklont. | (1) |
| 4.4 | Maanden. | (1) |
| 4.5 | Baie miere wat hom geken het, het probeer uitvind wat sy doel / plan met die suikerklont is. Omtrent al die miere wat hy nou teenkom, weet van hom. | (2) |
| 4.6 | Herhalingstegniek. | (1) |
| 4.7 | Dit sou sy prestasie verklein en sou veroorsaak dat hy geïgnoreer word as bedrieër. | (2) |
| 4.8 | Die mier eet daarvan.<br>Die reën laat van die suiker smelt. | (2) |
| 4.9 | As gevolg van die lang tog in die donker. | (2) |
| 4.10 | Hulle het die tonnel toegemaak sodat die klont ? graf vir die mier gebou het. Dit het as monument vir diens en daad gedien. | (2) |
| 4.11 | Op die hooggeregshof se stoep. | (1) |
| 4.12 | Suiker is kos / die mier hoef nie kos te soek nie.<br>Mettertyd sou die suiker al kleiner word, soos hy dit opeet. | (2) |
| 4.13 | ? Gevegsoldaat / frontsoldaat. | (1) |
| 4.14 | Omdat die mier die bodem uit die tonnel moes opeet. | (1) |
| 4.15 | Nee. Hy is aan die einde dood / hy het niks van sy lewe gehad nie (Ja is foutief). | (2) |
| 4.16 | Hulle kon saam kos vir ander miere bring (kyk na ander sinvolle antwoord). | (1) |
| 4.17 | Ywer / beplanning. | (2) |
| 4.18 | As hy die klont teen iets vasstoot, hoef hy nie die hele lengte van die klont om te hardloop nie, maar slegs aan die deel van die kort kant. | (2) |
| 4.19 | Na die wintersneeu gesmelt het, was daar geen teken van die klont of die mier nie. | (2) |
| | | **[30]** |

## VRAAG 5

5.1

- Die verteller is ? jong mens, die meneer ongeveer 60 jaar oud.
- Die verteller is vrolik en lag graag en baie maklik.
- Die meneer is vet en onvriendelik.
- Hy groet die verteller nie terug nie.
- Hy is moontlik ? baie suur en ongelukkige mens. Hy bly nors en beantwoord die verteller se vrae deurgaans sarkasties.
- Hy is goed aangetrek en toe hy sy horlosie en jas uittrek, doen hy dit onvergenoeg.
- Hy is lomp vanweë sy grootte.
- Drie insidente: Hy gaan sit per ongeluk op sy jas, die lussie breek en die jas val oor sy kop.
- Net toe hy wou koffie drink, ruk die trein en hy mors al die koffie op sy das en onderbaadjie.
- Toe hy wou afklim, stamp hy per ongeluk sy kop teen die kompartement se deur omdat hy nie gekyk het waar hy loop nie.

- Eie antwoord.
- Les: Hoe meer ? mens nors en onvriendelik is, hoe onaangenamer raak die lewe vir jou. So ? suur mens se lot is om nog meer terugslae te beleef. Die vrolike en blymoedige mens geniet elke oomblik van die lewe. **[20]**

5.2

- Die mier het toe hy die suikerklont kry, besluit dat dit sy lewenstaak sal wees om dit na die grootste miershoop ter wêreld te stoot. Dit sou ? heldedaad wees en ander miere sou daarom na hom opsien.
- Toe hy uiteindelik die bestemming bereik, het talle miere hom belangstellend ingewag, maar die groot roem of verering het uitgebly.
- Die klont het op die swaar weg al hoe kleiner geword.
- Dit wat oorgebly het, het uiteindelik sy graf geword, want hy het binne dae nadat hy die miershoop bereik het, gesterf.
- Die mier het wel iets groots vermag, maar het sy eie ondergang bewerkstellig en moes soos alle ander miere doodgewoon sterwe.
- Algemene waarheid is dat dit nutteloos is om roem na te jaag, want die mier het hom sy hele lewe lank met een suikerklont bemoei en op dié wyse het sy kosbare lewe by hom verby gegaan.
- Dit is ook moontlik dat kandidate kan sê dat mense iemand wil hê om na op te sien. (10)

**[30]**

## VRAAG 6

6.1 Sterretjies kan nie gillend sweef nie. (1)
6.2 Hy het kreef gesmokkel en is in die tronk. Sy vrou woon intussen elders – die huis staan dus leeg. (3)
6.3 As gevolg van sy ma se siekte. (1)
6.4 Hy kan nie kosmaak nie / Hy is onhandig in ? kombuis. (1)
6.5 Die mis voor die son. (1)
6.6.1 Hy het volgens haar lank geword. (1)
6.6.2 Sy kon nog regop sit en glimlag, nou lê sy stil. (2)

6.7 Haar lippe is droog.
Sy ruik na ou sweet en balsemkopiva. (2)
6.8 “nie die vaagste benul ... nie” (1)
6.9 Frannie se pa sê hulle moet kombuis toe gaan. (1)
6.10 Die houtweefsel en die wit perlemoenpote. (2)
6.11 Die verhaal handel oor vissers. (1)
6.12 Sy vra dit vir almal wat daar kom. (1)
6.13 Dit is nie kreefseisoen nie sy sal nie bly leef tot die nuwe seisoen nie. (1)
6.14 Omdat hulle nie mag kreef vang nie. (1)
6.15 Omdat hy vir Ouboet leuens vertel. (1)
6.16.1 Sy hart het verskriklik geklop. (1)
6.16.2 Enige 2: Bang Ouboet rand hom aan / bang Pa kom terug / bang omdat hy ? leuen vertel. (2)
6.17 Hy is verstandelik vertraag. (1)
6.18 Ek -/ eerstepersoonsverteller. (1)
6.19 Dood. ? Slet / Prostituut (2)
6.20 Hulle was nooit getroud nie. (1)
6.21 Drank (1)

**[30]**

**VRAAG 7**

7.1

- ? Tragiese figuur / held is iemand wat eerbaar lewe en goeie bedoelings het, maar om die een of ander rede begaan hy/sy ? oordeelsfout. Dit word dikwels onbewustelik gemaak en die gevolg is noodlottig en onomkeerbaar. Die persoon word dan tragies meegesleur deur die omstandighede en kom so tot ? val.
- Hilda Sewes het haar man a.g.v. ? seestorm verloor. Sy verwyt haar steeds na sy dood dat sy in ? oomblik van swakheid met ? visserman getrou het. ? Mens wat homself nie vir iets kan vergewe nie, verontreg homself. Sy probeer haar skuldgevoel afskud deur Wenning te "offer" vir die haaie. Omdat sy baie lief vir Milla, haar enigste kind, is, tree sy besitlik en oorbeskermend teenoor haar op. Sy meng in Milla en Wenning se liefdesake in, veral omdat Wenning Milla ? seemens sal maak. Hilda moes hulle liewer laat begaan het want dan kon sy nog ? skoonseun bygekry het. Ongelukkig is sy blind vir haar eie fout en kom dit te laat agter toe Milla haar klere van haar lyf afstroop en Wenning se voorbeeld volg. Dit dwing haar op haar knieë want sy besef sy het nou ook haar kind verloor; die situasie is onomkeerbaar en Hilda bly alleen agter.
- Die verteller in ***Slaaptydstorie*** bedoel dit opreg en goed met Ouboet. Hy probeer sy bes om ander verhale te vertel, maar Ouboet dring aan op ? mooi verhaal wat oor hulle pa gaan. Omdat hy niks goed of mooi oor hulle pa kan vertel nie, en Ouboet terselfdertyd tevrede wou stel, jok hy vir hom.
- Hierdie leuen boemerang later. Hy kan nie daarvan loskom nie. Aan die einde vlug hy fisies weg, maar geestelik bly hy ? gevangene. Hy is eensaam, verlate en sy probleem is onopgelos.
- Kere wat hy probeer het om die waarheid te vertel, is hy aangerand, met die gevolg dat hy moes aanhou jok. Die leuen laat innerlike konflik ontstaan en dit pla hom. Hy ly aan ? skuldige gewete waaraan hy ooit sal kan ontvlug nie.
- Die moeder in ***Terugkeer van ? soldaat***, was moontlik ? voorbeeldige moeder vir Carolus. Sy het hom op die hande gedra. Kyk met hoeveel sorg dek sy tafel en hoeveel aandag sy aan hom bestee.
- Die fout wat sy maak, is om nie te erken dat hy dood is nie. Dit maak haar byna waansinnig want sy word nou 'n prooi van illusie.
- Sy tree pateties op om elke Woensdag stasie toe te gaan om haar seun te gaan haal. Haar situasie is onomkeerbaar. Sy ly skynbaar aan ontsettende skok wat meebring dat sy die situasie nooit sal kan verwerk nie. Daarom bly sy vasgevang in 'n sikliese nagmerrieland.
  Al die mense om haar "speel" maar saam, omdat hulle weet dat dit nie sal help om haar tot besinning te probeer bring nie.

7.2

- In ***Terugkeer van 'n soldaat*** het ons 'n geestelik versteurde vrou / moeder. Die ruimte waarin sy leef, tipeer haar versteurdheid.
- In die hoek van die erf hang die slap drade van 'n leë hoenderhok.
- Die drie perskebome se takke groei in alle rigtings.
- Die ou handpomp se yster is gebars.
- Die stoep is gebars en daar groei oral onkruid in die erf.
- Die tuin is verwaarloos.

- Die tafel in die huis is vol stof. As sy afstof, doen sy dit half. Sy slaan ook stof uit die kussing.
- Sy lewe halfhartig.
- In ***Die skerpioene*** voel Frannie vasgekeer. Die pleknaam, Skulpbaai, dui op sy ingehoktheid. Daarom wil hy wegbreek Kaap toe.
- Frannie haat die hele Weskus-wêreld: die stank van die vrot vis uit die visfabriek, nat sout en olie en diesel van die skuite. Hy beleef die Weskus as afskeepwêreld, want die paaie is nie geteer nie. Die huisies lyk eenders.
- Die ruimte ondersteun ook sy sterwende ma se gemoed. Die huis is verlate. Alles wat daar was, is afwesig (ontbreek), en dui op die naderende dood: daar sit nie meer mak duiwe op die windhok nie; daar lê nie meer ’n kroesstertbrak op die agterstoep nie. Die hele huis ruik na siekte. Die geur van waatlemoenstukke, potbrood en smoorsnoek is weg. Die wasgoed en bokkems, dít wat met sy ma verbind word, waai skeef in die wind.
- Op ’n stadium toe Frannie by sy ma sit, word daar vertel van die gety wat verander: dit word hoogwater. Dit kan ook sinspeel op sy ma wat besig is om te “verhuis” en Frannie wat van seun na man verander.
- Aan die einde van ***Slaaptydstorie*** aksentueer die ruimte simbolies die eensaamheid en verlore stryd van die verteller. Hy val tussen dorings en oor klippe. Dit suggereer sy geestelike val. Nat klipkranse is onbegaanbaar. Hy beleef ’n geestelike nagtoestand. Die afgronde suggereer die “lewensafgrond”.
- Dít wat hy vir Ouboet skree, eggo (boemerang). Hy voer dus ’n nuttelose monoloog. Dit beklemtoon sy uitgeworpenheid en eensaamheid. Dit suggereer ook dat die leuen boemerang.
- Die drie kerktorings kan sy skuldige gewete wees oor die leuen dat Pa en Ma getroud was. Die feit dat dit voor die son staan, suggereer dat die leuen die pad tussen hom en God versper. God (die Alvader) word dikwels met die son in verband gebring. Die kraaie kan dui op onheil of afrekening. (15)

**[30]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [30]**

**Assesseringsinstrument** (Rubriek)

| **N O R M** | **Letterkunde: Paragraaftipe Vraag: 20/15/10** | Vlak 1 | Vlak 2 | Vlak 3 | Vlak 4 |
|---|---|---|---|---|---|
| **1** | **1.** Beplanning, paragrafering, inleiding en afsluiting | 4/3/2 Goed beplan, inleiding gee struktuur en slot vat logies saam | 3/2/1½ Nog goed gestruktureer, maar nie heeltemal so heg nie | 2/1/1 Neig om onsamehangend te raak | 1/½/½ Skryfstuk is nié ? goeie geheel nie |
| | | 4/3/2 | 3/2/1½ | 2/1/1 | 1/½/½ |
| **2** | **2.** Sinsbou, spelling, leestekens en woordgebruik | Logiese sinne, min spelfoute, verskeie leestekens effektief gebruik, goeie woordgebruik | Sinne, woordkeuses, spelling en leestekens is só dat die paragraaf maklik lees | Sinne is lomp en moeilik verstaanbaar, spelfoute algemeen, leestekens en woordgebruik beperk | Taalfoute is té algemeen om ? redelike punt te verdien |
| **3** | | 4/3/2 | 3/2/1½ | 2/1/1 | 1/½/½ |
| **3** | **3.** Duidelike hoofgedagtes uitvoering van spesifieke opdrag | Hoofpunte is goed gedefinieer en sluit direk aan by gegewe opdrag | Hoofpunte word onderskei, maar is effens vaag en sluit nié so direk by opdrag aan nie | Opdrag en skryfstuk sluit nie, meer ? geklets as wetenskaplike aanbieding | Geen inhoudelike struktuur nie |
| | | 4/3/2 | 3/2/1½ | 2/1/1 | 1/½/½ |
| **4** | **4.** Ondersteunende bewyse | Skryfstuk toon goeie insig in begrippe en die korrekte bewyse uit die teks word gebruik vir stellings | Steeds insig en grootliks toepaslike bewyse vir stellings | Opdrag word inhoudelik nie duidelik verstaan nie en bewyse is effens lukraak | Gebrek aan enige insig en bewyse met substansie |
| | | 4/3/2 | 3/2/1½ | 2/1/1 | 1/½/½ |
| **5** | **5.** Kennis van die literêre werk | Skryfstuk toon dat die teks gelees is en as geheel verstaan word | Teks is duidelik gelees en die werk word verstaan, maar nié so volledig soos by Norm 4 nie | Inhoudelike foute en oorsigtelikhede toon ? gebrek aan leeskennis en begrip v.d. teks | Die werk is nié gelees nie en word glad nie verstaan nie. |